Lentedag natuur stap-en-soek

Wat het jy nodig:

- Wit papierkoppie
- Rooi, oranje, geel, groen, blou, pers, bruin en swart inkleurkryte
- Skêr

Instruksies:

1. Knip die rand van die papierkoppie in 8 kepe, min of meer 2 cm lank.
2. Knak die stukkies dat dit 'n blommetjie vorm.
3. Kleur elke stukkie 'n verskillende kleur in.

Doen:

Gaan saam met jou familie, maats of kleingroep op 'n natuur stap-en-soek. Kyk rondom jou en vind 'n voorwerp wat met elke kleur ooreenstem.

Byvoorbeeld; 'n Bruin stokkie of 'n pers blommetjie.

Knak dan die kleur wat jy gevind het op jou papierkoppie buitentoe. Jy kan selfs die voorwerp, soos die bruin stokkie, in jou koppie sit, solank jy nie die natuur versteur nie.

Gesels:

Spandeer tyd saam in God se natuur. Kyk hoe Hy alles in die nuwe seisoen nuut maak, hoe Hy nuwe lewe bring.

"Gaan kyk ook 'n slag na al die lelies wat buite in die veld groei. Hulle word nooit natgegooi of versorg nie. En tog groei hulle pragtig. Selfs nie eens

koning Salomo met al sy rykdom en blink klere was so indrukwekkend soos een van hulle nie." Lukas 12:27 Die Boodskap vertaling

Onthou, net soos wat God na die plante, lelies en natuur kyk, net so kyk Hy na jou. Omarm die nuwe seisoen in jou lewe en weet dat God altyd daar is vir jou.

Bron: https://www.instagram.com/reel/C3-Y0KWr30K/?utm_source=ig_web_copy_link&igsh=MzRlODBiNWFlZA==